HOëVELD BONSMARAKLUB

Posbus / P O Box 34098
GLENSTANTIA 0010
Sel / Cell: 082 772 7373
E-Pos /e-mail: admin@bonsmarahoeveldklub.co.za
Web: www.bonsmarahoeveldklub.co.za

11 Mei 2023

Geagte teler

Graag wil ek vir julle terugvoering gee van die bestuursvergadering wat op 30 April 2023 gehou is. Die bestuur wil rêrig poog om die klub die beste vir ons lede te maak, maar ook sommer die beste in die land. Ander telers moet jaloers wees op ons klub.

Dis dan lekker om aan te kondig dat daar wel die jaar ‘n klubtoer sal wees na die Oos-Kaap. Ons is net besig met die finale reëlings en sal dit eersdaags deurgee. Die toer sal vanaf 07 Junie 2023 tot 11 Junie 2023 wees. Die toer sal die area van Lady Grey, Barkly-Oos, Jamestown, Burgersdorp, Molteno en Steynsburg. Ons gaan net 20 plekke beskikbaar stel, op die grondslag van ‘n lid plus 1.

Die klub sal seker vir die eerste keer ‘n Hoëveld Bonsmaraklub gholfdag aanbied, asook ‘n lekker Jaar-eindfunksie. Hopelik word dit ‘n jaarlikse instelling wat elke jaar op verskillende dorpe in ons streek gehou sal word. So sal ander klubs ook genooi word wat ons sal toelaat om beter skakeling met hulle te hê. Die huidige beplanning is om die gholfdag van 2023 in Vereeniging te hou.

Ons het ‘n bemarkingspersoon aangestel wat ons gaan help om die klub en sy aktiviteite te bemark. Bemarking sluit in:

- AJV
- Klubveiling
- Afsluiting van die Fase C Toets
- Gholfdag en Jaar-afsluitingsfunksie
- Boeredae
- Bemarking van telers se veilings op die Hoëveld Bonsmaraklub se sosiale media-platforms.

Ons doen ‘n laaste beroep op alle telers om so spoedig moontlik hulle bulletjies vir Fase C Toets by Sernick in te skryf. Kontak asb vir Mara.

Lekker boer en Bonsmara groete

Jacques Pienaar
Voorsitter